

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
5 November 1978

Onderwerp: God se genade en vrede

Lees: Psalm 4 verse 1 tot 9

Teks: Psalm 4 vers 7

Sing: Psalm 42 verse 1 en 5
Gesang 302 vers 2
Gesang 253 verse 2 en 3

“Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE!
(Psalm 4:7)

“Gemeente van Jesus Christus, Dawid het hier gebid en dit was ’n gebed in nood. ’n Nood só groot as waarvoor hy nog nooit tevore in sy lewe te staan gekom het nie. Hy was op vlug vir sy seun, Absalom. Die aand toe hy hierdie woorde gedig het, was waarskynlik die aand voor die veldslag tussen hom en sy seun. Dit was ’n stryd tussen broers van een volk.

“Baie en ook die meeste rondom hom het vertwyfeld gevra: ‘Wie sal ons die goeie laat sien?’ (Ps 4:7) Selfs Dawid se eie getroue volgelinge het op daardie tydstip gevoel dat Dawid en sy koninkskap se einde in sig was, net soos die son wat daardie aand besig was om onder te gaan. Alles het daarop gedui dat die nag besig was om vir Dawid aan te breek.

“Toe het Dawid gebid. Hy het gebid om lig, die lig van God se aangesig. Broers en Susters, dit was ’n duidelike en doelgerigte gebed. Dawid het daarin teruggegryp na God se beloftes uit die begin van Israel se geskiedenis. Hy het hom uitdruklik beroep op God se geloftes, om hom en sy volk te seën en te behoed. Hy het gebid dat God sy aangesig oor hulle sou laat skyn en hulle genadig sou wees; om sy aangesig oor hulle te verhef en in hierdie dreigende gevaar aan hulle sy vrede te gee. Dawid het gebid om die lig van Bo, die lig wat sy en sy volk se duisternis kon verdryf.

“Broers en Susters, lig is ’n basiese lewensbehoefte, nie alleen vir die mens nie, maar ook vir die hele skepping. Die eerste woorde wat God gespreek het op die môre van die skepping oor die woeste leë aarde wat met die nag oordek was, was: ‘Laat daar lig wees!’ (Gen 1:3)

“Lig is ’n voorwaarde vir alle lewe. Maar lig het ook ’n ander funksie. Dit kan die karakter van gebeurtenisse en omstandighede in ons lewens verander. Dit kan die dreiging en beklemming uit bepaalde situasies wegneem. Dit kan ons dinge in ’n ander lig laat sien.

“In die vorige eeu was daar in Duitsland ’n groot en vroom Godsmann, Friedrich von Bodelschwingh. Hy was verbonde aan die inrigtings vir barmhartigheid in die dorpie Bethel. Tydens ’n epidemie het hy en sy vrou binne twee weke vier van hulle vyf kinders verloor.

“As ’n mens vandag nog in die kerkhof op Bethel kom, kan jy die graffies van die vier kinders langs mekaar sien lê. Vier eenvoudige stene is daarop aangebring met die eerste twee verse van Psalm 23 daarop uitgebeitel. Op die eerste grafsteen is geskryf: ‘Die HERE is my herder’. Op die tweede: ‘Niks sal my ontbreek nie.’ Op die derde: ‘Hy laat my neerlê in groen weivelde’. En op die vierde: ‘Na waters waar waar rus is, lei Hy my heen.’

“Hoe is dit moontlik dat ouers só getroos hulle kinders kon afgee aan die dood en weglê in die donker aarde? Die geheim was dat die lig van God se aangesig vir hulle oor hierdie graffies opgegaan het. Hulle het in Jesus Christus die lig van die opstandingsmôre in die nag van die dood ontdek. Daarom het hulle hierdie hartverskeurende gebeure in ’n ander lig gesien: die lig van die ewigheid; die lig van die Vaderhuis vanwaar Hy regeer. Hy wat in die lewe van sy gelowige kinders geen foute maak nie. Hy in Wie se ewige huishouding dinge nooit verkeerd gaan nie.

“Netso het Dawid in die duisternis van sy en sy volk se situasie gebid om hierdie lig, die lig van die HERE se aangesig. En let op wat Dawid gebid het: ‘Verhef oor **ons** die lig van u aangesig, o HERE!’ Hy het nie in die eerste instansie vir homself, sy troon en sy eie belange gebid nie, maar wel vir die welsyn van sy volk en die HERE wat Homself verbind het om sy volk te seën en te behoed.

“Broers en Susters, in die gemeente en binne die kring van die volk van God, kom die gemeenskap altyd eerste. Die welsyn, opbou en bewaring van die liggaam van Jesus Christus, sy gemeente, behoort ons eerste prioriteit te wees en nie ons eie saligheid, welsyn, persoonlike beskerming en bewaring nie. Daarom het Dawid gebid: ‘Verhef oor **ons** die lig van u aangesig, o HERE!’

“Maar dit is nie al waaroor dit gaan nie. Die gelowige gaan wel geheel en al op in die

geloofsgemeenskap, maar hy gaan nie daarin onder nie. Nee, jou eie identiteit en persoonlikheid verdwyn nie as jy die volk van God eerste stel nie. Inteendeel, dan kom dit eers ten volle tot sy reg. Dit is in die kring van God se volk en sy gemeente dat daar ruimte is vir ons om onself te ontdek en bewus te word van ons gawes en talente waarmee ons mekaar en die samelewing mag dien.

“Maar hierdie ontdekking van onself begin dikwels met die ontdekking van ons eie tekortkominge. Só was dit met Dawid. Aan die begin van hierdie Psalm het hy gebid: ‘As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed!’ (Ps 4:2) Dan besef ons, net soos Dawid, dat ons genade nodig het.

“Dawid het geweet dat daar ’n belofte van genade opgesluit was in die seënbede van die Ou Testament. Daarom het hy teruggegryp na: ‘die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees’. (Num 6:25) In die oomblik van krisis in Dawid se lewe, toe alles onder hom weggekrummel het, het Hy besef dat hy genade nodig gehad het. Dit was nie net vir sy arme verdeelde volk nie, maar ook vir homself.

“Broers en Susters, oomblikke van krisis in ’n mens se lewe bring jou tot besinning. Dit bring jou tot stillstand. Dit laat jou terugkyk op jou oortredinge. Dit laat jou afvra: Het my dag van afrekening gekom? Het die Hemelse gereg my ingehaal? Só moes dit ook by Dawid gewees het. Sy ganse swart verlede het voor hom verbygeflits. Elke woord op die skandelike gruwelbladsye van sy lewensboek het hom aangekla: Bátseba, Uria, owerspel en moord.

“Al wat Dawid kon doen, was om hom tot God te wend: Wees my genadig! O HERE, verdryf tog hierdie spookgestaltes van my sonde en skuld met die lig van u vriendelike aangesig. En hy het soos nooit tevore vasgeklem aan die belofte van God: ‘die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees’.

“Genade! Wat is dit? Dit is ’n onuitputlike ryk woord. Maar ongelukkig het dit deur veelvuldige gebruik afgestomp geraak. Die begrip genade het vir baie ’n slap en lamsakkige konnotasie gekry. Daar is mense wat dink dat God ’n ou Vader is wat nie meer gesag oor sy kinders kan handhaaf nie; en daarom om vredesnaam hulle oortredinge ignoreer. God bewys nie aan ons genade omdat Hy moeg en moedeloos is vir ons oortredinge en daarom toegee en dit oor die hoof sien

nie. As God dit sou doen, sou sy betroubaarheid daarmee heen wees. God is nie 'n Vader wat vir sy kinders sê dat hulle sondes gestraf sal word en hulle sal sterwe; en dan vergeet wat Hy gesê het as hulle dit doen nie. As God so sou wees, sou ons Hom nie kon vertrou nie.

“Nee, dit is nie die Bybelse begrip van genade nie. Daar is niks lamsakkigs daaraan nie. Inteendeel God se genade spreek teenoor ons van 'n manlike fermheid en vasberadenheid. Dit is God wat die doodstraf op die sonde geplaas het. Daarna het Hy in Jesus Christus die doodstraf op Homself geneem. Hy is terwille van ons sondes deurboor en daarom kan Hy ons genadig wees. Sy Woord verseker ons dat Jesus Christus vir ons gesterf het. In Hom het ons die lig en die lewe. Dit is 'n heilsgeheim wat te diep en te hoog is vir ons om te deurgrond. Ons sal 'n ewigheid nodig hê om die HERE daarvoor te prys en te dank.

“Genade sê nie vir ons dat ons maar kan doen wat ons wil nie. Dat ons in sonde kan voortlewe en dink dat die genadige God alles sal regmaak nie. Dit is nie soos Voltaire gesê het 'God se beroep' nie.

“Nee, die Bybelse begrip van genade sê vir ons dat die onmoontlike nou moontlik is. In sy ewige trou het God die las van sonde met Jesus Christus se kruisiging vir goed weggewerp: 'Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.' (Num 6:26)

“Vrede. Wat is dit? Dit is meer as wat ons daaronder verstaan. Vrede is nie bloot die afwesigheid van oorlog, kwaai-vriendskap en stryd nie. Vrede in die Bybelse sin is dat die besitter daarvan, soos Dawid, te midde van aanvegtinge in vrede verkeer. Dit gaan alle verstand te bowe. Dit is 'n vrede, rus en kalmte ongeag die omstandighede waarin ons ons bevind. Dit stel ons in staat om alles rustig in die oë te kyk en vrede met die wêreld te hê.

“Dawid was met hierdie vrede vervul. Dit het nie sy situasie verander nie, maar die lig van God se aangesig het hom die situasie in 'n ander lig laat sien.

“Iemand met God se vrede in sy hart kan saans gaan lê en ontspan, omdat hy weet dat God alles in sy hand het.

“Gaan in hierdie vrede.

“Amen.”